FONDSINSAMELING RIBBURGERS

Ons beplan om vir **Woensdag 5 MAART**
'n klompie ribburgers te maak
@ R 35 per burger.

U is welkom om u bestellings voor of op
28 FEBRUARIE 12:00
deur te gee aan
Yolandé 084 597 8903
of aan
Jannes 072 224 7181.

Ondersteun asseblief die projek deur waar u woon en werk en leef bestellings te neem –
dit word baie waardeer!

VAN ONS SUSTERS

Ons is opgewonde oor al die susters wat al name opgegee het vir die **Saamtrek die 8ste Maart**. Dit is nou om die draai en Sondag, 23 Februarie is die laaste dag wat jy jou naam by Wymie kan opgee.

Jy kan die daggeld van R 130 ook by haar inbetaal of op die susters se bankrekening inbetaal. Ons reël 'n bus sodat ons almal lekker saamry. Jy is baie welkom om 'n donasie vir die reisgeld ook by te dra.
As ek reg is, bak ons die 1ste Maart weer koekies!
Nogmaals baie dankie aan almal wat gehelp met die voorbereiding van die Nagmaalete en die versiering van die saal. Ons was so baie dat ons selfs 'n stoeptafel gehad het! Volgende keer maak ons die stoep ook vol!



Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 41, nr 7. Sondag 23 Februarie 2025
REDAKTEUR: **RUDY VAN DER SPOEL 082 864 4422**
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
Kantoor 018 294 4600 **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Orrelis: Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte by eredienste.
Ouderlinge: Wyk 11 **Fanie Jooste** en Wyk 12 **Nico Spaumer**
Diakens: Wyk 1 **Pieter Jooste** en Wyk 12 **Gert Kruger**
Skinkbeurt: Wyke 11 en 12 Wyksuster Wymie du Plessis

EREDIENSTE Albei dienste word gelei deur ds Jannes van Dyk

Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers

Oggenddiens om 9:30, aanddiens om 18:00
Eredienste ook per whatsapp

OGGEND: – Woordbediening: 1 Samuel 20.
Fokusverse: 1 Samuel 20:14, 15.
TEMA: ***Plaas jou toekoms in die hande van die Gesalfde van die HERE.***
Sing: Psalm 138: 1, 4; Psalm 146: 1, 2, 3; Skrifberyming 9-1:1(26); Skrifberyming 9-1: 11(26); Psalm 63: 3, 4 (melodie Psalm 18, tweede melodie); Psalm 31: 1, 4, 12, 17.
Sing met meelewing: Psalm 31: 15, 19.

AAND: Woordbediening: 1 Johannes 1:1-2:2.
Fokusverse: 1 Johannes 2:2.
Belydenis: Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 2, paragraaf 3.
TEMA: ***Verbly u in die enigste, volmaakte en genoegsame offer van die Seun van God!***
Sing: Skrifberyming 5-5: 1, 2(88); Psalm 65: 1, 2; Skrifberyming 5-2: 8, 9 (7); Skrifberyming 5-3: 1, 2 (8); Psalm 61:1, 2, 3 (Psalm 38, tweede melodie; ná die wegstuurseën).

KOLLEKTES VANOGGEND: ***Diens van Barmhartigheid*** in die **BLOU** sakkies en in die ROOI sakkies vir die *EXPANDO*
VANAAND: **Diens van Barmhartigheid** (BLOU) en **Kerkkas** (ROOI)
Volgende week se Spesiale kollekte is vir *Dep Jeugsorg*

EREDIENS BY HUIS EIKELAAN: SONDAG 2 MAART 2025
Ds. Fanie Coetzee van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Die Bult neem DV op **Sondag 2 Maart om15:30** die erediens in die Kapél by Huis Eikelaan plaas. Ouderling Paul Schutte (wyk 13) sal die toesigbeurt waarneem.

LIEF EN LEED OOG VIR MEKAAR

VOORBIDDING

Ons doen graag voorbidding vir die volgende broers en susters en hulle geliefdes. Mag ons hemelse Vader u in sy liefde en trou vashou, dra en ook vir u uitkoms gee:

Willem Serfontein is Maandag oorgeplaas na Wilmed Park op Klerksdorp. Hy het Woensdagaand 'n prosedure ondergaan om dooie velweefsel te verwyder sodat die wond aan sy been kan genees. Ons bede is dat die uitkoms geseënd sal wees en hy volkome sal genees. Ons versker ook vir Ria en hulle kinders van ons voorbidding.

Ons is dankbaar dat **Loffie Eloff** Woensdag uit Medikliniek ontslaan kon word en dat hy nou tuis aansterk na die ingrypende operasie wat hy ondergaan het. Ons bede is dat die operasiewond spoedig mag genees en dat Loffie in sy kragte versterk mag word. Ons bid ook dat Tillie, wat nog herstel van haar knievervangingsoperasie, ook volkome herstel mag ontvang.

Johanna van der Merwe is Donderdagoggend uit Medikliniek ontslaan nadat sy 'n knievervangingsoperasie ondergaan het. Ons verseker haar en haar geliefdes van ons voorbidding vir hulle; mag Johanna ook lewenskwaliteit na die operasie geniet.

Jesse Niemand het die afgelope week 'n afspraak by die spesialiste in Potchefstroom gehad. Jesse sal op 11 Maart 'n prosedure ondergaan. Ons verseker Jesse en Stienie van ons voorbidding vir hulle.

Ons is saam met **Wilmarié du Plessis** en **Dana du Plessis** dankbaar dat sy Woensdag uit die Groenkloof Hospitaal ontslaan kon word en nou tuis aansterk. Ons is verder saam dankbaar dat die dokter tevrede is dat die prosedure wat Wilmarié ondergaan het, goed afgeloop het. Daar is nog laboratoriumuitslae wat afgewag word. Ons verseker Dana en Wilmarié van ons volgehoue voorbidding vir hulle.

Mariaan Roscher sal vir nog ongeveer drie weke in die M Care hospitaal versorg word voordat sy ontslaan sal word. Ons verseker haar en Clarine van ons voorbidding vir hulle en bid dat ons Here se vriendelike aangesig oor hulle mag skyn.

Jan Kroeze is Woensdag in die Anncron Hospitaal opgeneem. Ons verseker Jan, Petro en hulle kinders en kleinkinders van ons voorbidding vir Jan en hulle as familie.

Klaas Wyma ondergaan Donderdag 'n oogoperasie in Klerksdorp. Ons verseker Klaas en Malie van ons voorbidding vir hierdie prosedure.

MEEGEVOEL

Ons betuig ons innige meegvoel met broers en susters wie se geliefdes in die Here ontslaap het. Ons is saam met u ons Here dankbaar dat ons seker mag weet hulle wat vir die Here geleef het, ook vir Hom gesterf het en of ons lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here.

Ons betuig ons innige meegevoel met die geliefdes van **ds. Dirk Kruger** (van GK Vaalpark) wat Maandagaand aan kanker oorlede is. In sy studentedae was ds. Dirk 'n lidmaat van die gemeente. Ons bid Elmarie en hulle twee kinders ryke vertroosting toe.

Ons het dit Sondagaand voor die erediens afgekondig, maar ook langs hierdie weg betuig ons innige meegevoel met **Karel en Suzie Marais** wie se skoonsuster, **Elsabé Buys,** Donderdag (13 Februarie) oorlede is. Ryke vertroosting word u as familie toegebid.

DANKBAARHEID

Ons deel in die dankbaarheid en in die vreugde van ons broers en susters en ook in die dankbaarheid van hulle en hulle geliefdes vir wie daar deur ons Here se genade uitkoms gekom het.

ALGEMENE AFKONDIGINGS

GEROEP TOT DIENS VAN OUDERLING

Die kerkraad het Sondagaand 16 Februarie besluit om die name van diaken **Koos Nortjé** en **Gerrit Badenhorst** ter approbasie aan die gemeente vir die diens van ouderling voor te hou. As daar nie wettige besware teen die broers ingedien word nie, en hulle die roeping opvolg, sal die broers DV op Sondag 16 Maart 2025 tydens die oggenddiens as ouderlinge bevestig word.

DAGBOEK

Dag	Datum	Tyd	Aktiwiteit	Vergaderplek
Siekebesoek, pastorale besoeke en huisbesoeke volgens afspraak				
So	23/02	08:30	Hoërskoolkatkisasie Les 4	Bovertrek
		10:50	Laerskoolkatkisasie Les 4	Bovertrek
Di	25/02	15:00	Bybelstudie: Huis Eikelaan	Rooi sitkamer
Wo	26/02	18:00	Bybelstudie (Profetiese rede, nr 3)	Konsistorie
So	02/03	15:30	Erediens Huis Eikelaan Ds Fanie Coetsee	Kapél
Wo	**05/03**	**10:00**	**RIBBURGERS**	**Kerksaal**

KATKISASIE	Sondag 23 Februarie	Sondag 2 Maart 2025
Hoërskoolkatkisasie	Les 4	Les 5
Lesrooster: **Psalmvers:** **Heidelbergse Kategismus:** **Memoriseerwerk (Gr. 1-2)**	Les 4 Psalm 42: 1, 5 Sondag 4 Onse Vader, 3de bede	Les 5 Psalm 42: 1, 5 Sondag 5 Onse Vader, 4de bede

BYBELSTUDIES

Dinsdag om 15:00 by Huis Eikelaan in die Rooi Sitkamer.
Woensdag om 18:00 in die konsistorie

WYKSINDELING

Ons het aan die einde van 2024 berig dat die vergadering van ouderlinge en diakens opdrag gegee het dat die indeling van wyke hersien moet word. Die toenemende aantal vakante wyke by die diakonie en die ouderlinge het dit genoodsaak. Die hersiene wyksindeling sal op 1 Maart (die begin van die gemeente se finansiële jaar) in werking tree. Ons het begrip vir die aanpassing wat dit gaan verg; ook vir die feit dat daar 'n besondere band tussen lidmate/gesinne en hulle ouderling/diaken gesmee is. Tog is daar 'n groot wins: die gemeenskap van gelowiges groei, nog een broer met wie die gesin 'n besondere band gebou het, kan nou in die gemeenskap van gelowiges uitgebou en versterk word. 'n Beknopte indeling van die wyke sal in *Op die Kerkwerf* op 2 Maart verskyn (wyk, van en voorletters met ouderlinge/diakens).

VOORSPOEDIGE REIS / WELKOM TERUG

Van ons broers en susters gaan vir korter of langer periodes met reis of met vakansie – ook na die buiteland. Mag ons hemelse Vader u voet op die reispad behoed en u beskerm en veilig na ons terug bring.

VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Baie geluk aan die lidmate wat DV gedurende hierdie week hulle verjaardag vier! Saam met u dank ons die Here vir Sy groot genade en bid ons dat Hy u ook in die nuwe lewensjaar ryklik sal seën tot die eer van sy Naam!

Dag	Datum	Naam en van
So	23/02	**Lizette Nell**. Wyk 9
Ma	24/02	**Joey Potgieter**. Wyk 1
Di	25/02	**Manie Geyer,**. Wyk 9
		Haylie Baptista (3). Wyk 2
Sa	01/03	**Flip Mostert,**. Wyk 4
		Pieter Wentink (9). Wyk 3

Bede met meelewingPsalm 31: 15 en 19

DIAKONIE SE KOSKAS

Vir die Diakonie se koskas: gooi 'n ietsie ekstra in u koswaentjie en bring dit kerk toe.

Cup a soup, min noedels, koffie, tee, melk, suiker, mielies, sout, waspoeier, grondboontjiebotter, blikkies vleis, pasta, beskuit, aanmaak-koeldrank. Mieliemeel. Skottelgoedseep, toiletpapier.
(Indien moontlik voorsien pakkies van 1 kilogram).

DANKOFFER-BYDRAE EN KOLLEKTES SE INBETALINGS

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse dankoffer-bydrae** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**

Besonderhede van die rekeninge word hier onder gegee.

Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.**
Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom.**
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank: Potchefstroom.